



SMALL BUSINESS
CUSTOMS TRADER

Follow us on



Gids vir doeane-handelaars

Voorgenome as doeane en aksyns invoer-/uitvoerinligting vir handelaars. .

Moet ek as invoerder/uitvoerder aansoek doen vir doeane- en aksynsregistrasie?

Dit hang af van jou eie unieke omstandighede en self-assessering teenoor die wetlike vereistes soos uiteengesit in artikel 59A van die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964 (die Wet op Doeane en Aksyns) en die reëls daarin vervat. Geen persoon mag goedere invoer na, of uitvoer uit die Republiek van Suid-Afrika nie, tensy sodanige persoon, uitsluitend 'n reisiger, geregistreer is as 'n invoerder of uitvoerder; en deur 'n geregistreerde agent verteenwoordig word in die geval van 'n invoerder of uitvoerder wat nie in die Republiek geleë is nie.

Wanneer moet ek as invoerder/uitvoerder vir 'n doeanekode aansoek doen?

- Voor goedere in- of uitgevoer kan word, kan SARS van 'n persoon of entiteit vereis om formeel te liseniseer of registreer en 'n doeane-kodenummer te bekom, voordat enige aktiwiteit bedryf word wat deur die Wet op Doeane en Aksyns geregleer word.

Die volgende persone word uitgesluit van formele registrasievereistes:

- 'n Persoon, insluitend 'n reisiger, wat goedere invoer of uitvoer, waarvan die totale waarde wat verklaar moet word minder as R150 000 is gedurende enige kalenderjaar, welke sodanige goedere in een of meer besendings ingevoer of uitgevoer is
- 'n Persoon wat goedere invoer of uitvoer wat klassifiseerbaar is ingevolge tarief-subopskrif 9999.00.10 of 9999.00.20 soos beskou in die notas van hoofstuk 99 van bylaag nr. 1
- 'n Persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, wat 'n motorvoertuig uitvoer, wat in die Republiek geregistreer is, na 'n nie-SACU-land as bestemming vir persoonlike gebruik.

Persone wat uitgesluit is van formele registrasievereistes kan gebruik maak van registrasiekode 70707070 onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Hy/sy is 'n natuurlik persoon
- Voer die goedere in vir tuisverbruik, uitvoer of tydelike uitvoer
- Toon in die afdeling voorsien op die invoerbrieff of verklaringsvorm, sy of haar:
 - » Suid-Afrikaanse Inkomstediens-belastingpligtigeverwysingsnommer; of
 - » Suid-Afrikaanse identiteitsdokumentnommer, in die geval van 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n permanente inwoner van die Republiek, of paspoortdokumentnommer in die geval van 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner is nie.

Om vir 'n doeanekode te registreer

- Jy moet die DA 185: Application form: Registration /Licensing of Customs and Excise clients voltooi, tesame met die toepaslike stawende bylaag tot die DA 185, of
- Gebruik die elektroniese registrasiesetel en voltooi die aanlynweergawe van die DA 185 en die toepaslike aanlyn stawende bylaag.
- Verwys asseblief na die volgende eksterne beleide op www.sars.gov.za:
 - » Customs Registration, Licensing and Designation SC-CF-19
 - » Excise Licensing and Registration SE-LR-02

Wat moet jy verklaar?

Handelaars wat goedere invoer/uitvoer, moet sodanige goedere verklaar en, indien van toepassing, by Doeane inklaar. Hulle moet alle toepaslike voorgeskrewe dokumente vir die goedere (soos die inklaarbrief, faktuur en transportdokumente, ens.) verskaf en die toepaslike invoerheffings, -regte en belasting op toegevoegde waarde (BTW) of toepaslike uitvoerheffings en -regte betaal.

Wat is die vrystellings/uitsonderings op binnekomsvereistes?

Die volgende ingevoerde goedere hoef nie ingeklaar te word nie en vereis nie die indiening van 'n invoerbrief ("doeaneverklaring") nie:



- Laaikoste tydelik ingevoer
- Menslike oorskot
- Goedere wat volgens die kommissaris se opinie geen kommersiële waarde het nie
- Goedere ingevoer ingevolge 'n internasionale karnet (dit dien as doeaneverklaring)
- Goedere met 'n waarde, vir belastingdoeleindes, van nie meer as R500 nie, en waarop geen heffing betaalbaar is ingevolge bylaag nr. 1 tot die Wet op Doeane en Aksyns nie. Om die bogenoemde goedere te los, moet vorm DA 306 – Application for release of goods in terms of section 38(1)(a) of the Customs and Excise Act No. 91 of 1964 voltooi word.

Die volgende goedere wat uitgevoer word, hoef nie ingeklaar te word nie en vereis nie die indiening van 'n uitvoerbrief ("doeaneverklaring") nie:

- Menslike oorskot
- Goedere wat volgens die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se opinie geen kommersiële waarde het nie
- Goedere wat nie die waarde van R500 oorskry nie en waarop geen uitvoerheffing betaalbaar is nie.

A person exporting any of the goods referred to above shall apply for release of such goods on form DA 306A -Export of goods in terms of section 38(3)(a) read with rule 38.03(b) of the Customs and Excise Act No. 91 of 1964.

Watter soort heffings, regte en belasting is betaalbaar op ingevoerde goedere?

- Gewone doeane-heffings
- Bepaalde aksynsregte op ingevoerde goedere van dieselfde klas of soort van plaaslike vervaardigde goedere
- Ad valorem aksynsregte op ingevoerde goedere van dieselfde klas of soort van plaaslik-vervaardigde goedere
- Teenstortings- en kompenserendeheffings
- Beveiligingsregte
- Omgewingsheffing
- Belasting op toegevoegde waarde (BTW)



*Teenstortings- en kompenserendeheffings word gehef op goedere wat geag word as gestort in Suid-Afrika, asook op ondergeskikte ingevoerde goedere.

*Beveiligingsregte word gehef op goedere waarvan daar 'n styging in invoer daarvan was, wat materiële benadeling aan plaaslike industrië veroorsaak.

Daar is ook 'n invoerheffing op bepaalde goedere soos bande, plastieksakke en suikerversoete-koeldranke.

*Daar is 'n diamantuitvoerheffing betaalbaar deur 'n lisensiehouer soos voorgeskryf in die Wet op Diamantuitvoerheffing (Administrasie), nr. 14 van 2007, onderhewig aan bepaalde verligtingsmaatreëls en vrystellings soos uiteengesit.

Verbode en beperkte goedere

- SARS administreer bepaalde verbodsbepalings en beperkings namens 'n aantal regeringsdepartemente, instansies en liggame.
- Verbode beteken die goedere word nie toegelaat om Suid-Afrika binne te kom of te verlaat nie
- Beperk beteken dat goedere toegelaat word om Suid-Afrika binne te kom of te verlaat onder bepaalde voorwaardes, bv. 'n permit of sertifikaat word vereis.

To access a list of "Prohibited and restricted SC-CC-32", visit the Customs page on the SARS website www.sars.gov.za.



Let wel: Handelaars en reisigers moet bewus wees van die Wet op Nagemaakte Goedere, nr. 37 van 1997, wat bepaal dat goedere van laer gehalte gemaak of verkoop onder 'n ander handelsmerk, sonder die handelsmerkeienaar se toestemming, is 'n oortreding waarop siviele en/of kriminele stappe geneem kan word teenoor die oortreder.

Kontantbeperkings

- 'n Reisiger word toegelaat om 'n maksimum van R25 000 / onbeperkte buitelandse geldeenheid te verklaar en te dra, welke hy/sy die land verlaat of binnekom
- 'n Reisiger moet verklaar of hy/sy enige banknote, goud, effekte of buitelandse geldeenheid by hom/haar het, en enige banknote, goud, effekte of buitelandse geldeenheid wat hy/sy by hom/haar het toon
- Die Suid-Afrikaanse banknote is onbeperk indien die reisiger na/vanaf 'n land in die gemene monetêre area (CMA) reis/terugkeer
- Reisigers word aangeraai om die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank te kontak om vooraf goedkeuring te kry om kontant oor die grense van Suid-Afrika te neem
- Hoewel daar tegnies geen beperking is op hoeveel geld jy op 'n vliegtuig mag hê nie, moet jy bedrae van meer as \$10 000 op jou doeanevorm verklaar wanneer jy internasionaal reis, en voorbereid wees vir moontlike onderhoude met doeanes of regstoepassers om die bedrag geld wat jy by jou het te verduidelik.

Wat gebeur as ek nie die doeanevereistes nakom nie?

SARS endeavours to educate and inform traders of their tax/duty obligations through various interventions, to help you keep your tax affairs in order. Traders who are found to be non-compliant will be subjected to the Penal Provisions of the Customs and Excise Act No. 91 of 1964, which includes a penalty, fine or criminal prosecution.



Let wel: Sodra jy jou maatskappy by die Maatskappy en Intellektuele Eiendomskommissie (CIPC), voorheen CIPRO genoem, geregistreer het by www.cipc.org.za, sal SARS outomaties 'n maatskappy inkomstebelasting (MIB) verwysingsnommer aan jou toeken. Die maatskappy verteenwoordiger moet dan op SARS eFiling registreer om inligting op te dateer en gemaklik elektronies met SARS sake te doen.

VRYWARING: Die inligting in hierdie blaadjie vervat, is slegs as riglyne bedoel en word nie as regsverwysing geag nie, en is ook nie 'n bindende reël nie. Die inligting neem nie die plek van wetgewing in nie en lesers wat twyfel oor enige aspek van die inligting in hierdie blaadjie vertoon, moet na die toepaslike wetgewing verwys, of 'n formele opinie versoek van 'n geskikte, gekwalifiseerde individu.

Vir meer inligting kan jy:

- Die doeanes- en aksynsblad besoek op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za
- Die SARS-kontaksentrum skakel
 - indien jy plaaslik skakel, by 0800 00 7277 (kies opsie 4)
 - Indien jy van oorsee skakel, by +27 11 602 2093 (slegs tussen 08:00 en 16:00 Suid-Afrikaanse tyd)